JUNIE 2008 Jg/Vol 16.2



BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA / Newsletter of the Free State Section of the MCSA

The Mountain Club renders assistance

(A letter written by Helen Hetherington to Jenny Paterson, former secretary of the Mountain Club of South Africa)

Dear Jen

My pal, Jenny Wildman, has told me of your past and present involvement in the South African Mountain Club, and I would like to tell you of our recent experience in the Drakensburgs [sic], with members of that group. I gather you've been away and may not be aware of the story.



A month ago my husband's brother - Michael Hetherington - went missing in the Cathedral Peak area, having been staying at Didima Camp, just below the hotel. When we were notified, Ian and I left immediately, firstly to collect their sister Mary, who'd come out from England with Michael, to help in an HIV/AIDS clinic in the Eastern Cape - and then on to Cathedral Peak.

On arrival, up in the cottage and helipad, we were de-briefed on what efforts had been put in force by: Gavin Robenheimer (Raubenheimer – ed.) , Steve Cook and Jack Haskins (this, at 6:30 p.m.). We stayed at Didima for the next five days - and every afternoon, Steve and a member of the club called by to fill us in - with maps highlighting that day's endeavours - dogs, helicopter, search teams, divers.

These "daily gathering" could only have impinged on their continuing planning, but they were so very supportive to us three each day. They listened to all our thoughts - were never dismissive of any suggestions we might make, in spite of our inexperience about such efforts - and what they entail. I asked Steve if the Mountain Club sells Xmas cards as I would flog them all over the Southern Peninsula.

By the next Sunday, we decided to return to Fish Hoek, there being no point in our staying on. Nonetheless, we have had constant contact - in particular from Jack Haskins - as to the development of the search.

(An added special - the manager of Didima did not charge us for our accommodation. She said: "This has not been a holiday")!

Oor bergklim, sardientjies en lewenskuns*

—- Nico Combrink -

Twee van die mees gewaardeerde lede van die Vrystaatse Afdeling van die Bergklub is Klaus en Elna von Delft. Hulle het in November 1965 by die Afdeling aangesluit en elkeen het reeds 'n toekenning ontvang vir veertig jaar se onafgebroke en toegewyde lidmaatskap van die klub. In hierdie tyd het Klaus saam met die afdeling talle voetslaanpaaie verken en by ons gunsteling speelplekke — Natalse Drakensberge, Lesotho en Dangershoek — menige steil bergpaadjies teen die wande van diep klowe gehul in donkerblou skadu's, oor sandsteenkranse en tussen die reuse dolerietkranse heen na die getande eskarpement met sy onvergelyklike uitsigte gestap.

ONVERMYDELIK moes ons paaie van tyd tot tyd oor die dertig jaar van 'n gemeenskaplike belangstelling kruis. Vir Elna sou ek eers beter leer ken nadat die Von Delfts se sewe kinders wat hul groot gemaak het, grootliks uit die huis was en sy meermale weer met Klaus kon saamstap.

DIE EERSTE GELEENTHEID saam met Klaus wat ek spesifiek onthou was iewers in die Drakensberge baie jare gelede. Elna was vir die eerste maal in jare weer saam met Klaus berge toe, tesame met vyf van hul kinders — Mark en Bettina was nog te klein en moes in Bloemfontein agterbly. Die aandete van die Von Delfts, wat hoofsaaklik bestaan het uit 'n bekertjie sop en 'n provita of twee met 'n sardientjie bo-op, was kennelik vir die jong Von Delfts na 'n dag se vermoeiende klim, heeltemal te karig. Klaus het hulle vinnig uitgesorteer en laat verstaan dat dit oor die avontuur gaan en nie om jou trommeldik te eet nie. Dit was een van die faktore wat my in my aanvanklike taksering van Klaus herinner het aan Georg von Trapp in die musiekblyspel, *The Sound of Music* —'n martinet wat geneig was om sy kinders te regimenteer.

Klaus & Elna von Delft

JARE DAARNA het Klaus vir Mark, wat toe in standerd 8 (graad 10) was, toegelaat om 'n staptog in die Drakensberge van Grey's Pas in die Champagne-area na Tlanyaku-pas in die manjifieke Didima-area met my mee te maak. Gedurende die tweede dag het Mark twee keer my oordeel om 'n ompad deur die heuwels en valleie van Lesotho te volg, bevraagteken, eerder as om op die eskarpementrug te probeer hou wat volgens die kaart weens die diep afgronde nie begaanbaar was nie. Toe ons weer in 'n stadium rus en die kaart bekyk, was Mark skoonveld, en het hy sowaar sy eie roete ingeslaan! Na 'n vrugtelose soektog het ek besluit om die groep tot by Tlanyaku-pas te lei en saam met 'n ervare stapper te laat afbeweeg na Skoongezicht-grot toe aan die bo-punt van die Didima-vallei. Die paadjie teen die pas was so blootgestel, dat ek die groep voor donker van die bergpas moes afkry. Ek en twee ander lede van die geselskap sou dan omdraai en na Mark gaan soek waar ons hom die laaste maal gesien het. 'n Vlaag van verligting het oor my gespoel toe ek Mark houtgerus in die geselskap van 'n groep van die Magaliesbergse Afdeling van die Bergklub by die begin van die pas vind. Hulle het hom in die berg gekry waar hy op eie houtjie aangestryk het en hom na die begin van die pas saamgebring.

KLAUS SE REAKSIE toe ek hom later hieroor ingelig het, was heel anders as wat ek verwag het. Om van die groep af te dwaal in sulke gevaarlike omstandighede, was geheel en al onverskoonbaar, en hoewel Klaus onderneem het om met sy seun te praat was hy baie rustig hieroor: "Mark is 'n bietjie van 'n individualis, maar hy is baie selfstandig en sal nie sommer iets gevaarliks doen nie." Ek was kwaad, maar sou eers later waardering kry vir Klaus se hantering van hierdie petalje.

BAIE STAPTOGTE LATER, het ek Klaus met veel groter begrip en waardering, eintlik bewondering leer ken, want soveel van die eienskappe wat ek in my Pa leer ken het, het ek weerspieël gevind in Klaus. Klaus is die toonbeeld van 'n persoon wat binne William Strauss en Neil Howe se klassifikasie van die 'Silent Generation' in hul boek *Generations, A Future History of America from 1584 to 2069,* tuishoort.

DIE SILENT GENERATION word in Amerika beskou as mense wat so tussen 1925-1945 gebore is (Suid-Afrikaners het dit 'n lustrum later ervaar: 1930-1949). Die Swyende Generasie het groot geword in die na-oorlogse tydvak van 1945 en is te laat gebore om oorlogshelde te kon wees. Hulle is tans grootliks afgetree en binne die volgende vyf jaar sal hulle bykans geen rol meer speel in die groot besluitnemings-prosesse van hul onderskeie samelewings nie. Die kitaar word nou geslaan deur die sg. 'Baby Boomers', en vorentoe al hoe meer deur die 'Generation X-ers' en die rekenaarvaardige 'New Millennials'.

DIE BESKRYWING van die kenmerke van die Swyende Generasie pas Klaus soos 'n handskoen: "reserved, stoic, clean living, gentlemanly." Klaus "does not suffer fools gladly" en hou homself nie op met kletspraatjies nie, maar hy is belese en ingelig. Hy sal gesaghebbend in fyn detail die goeie en swakpunte van die onderskeie universiteite in Duitsland vir jou in 'n gesprek kan uitlig. En tog is hy beskeie oor sy eie lewe en sy werk, en is hy nooit venynig in sy kritiek nie. Ek kan des moers verdwaal op die Lammergeier-voetslaanpad, en ondanks sy bedenkinge dat ek nou verkeerd loop, my nie daarna beterweterig verwyt daaroor nie. Ons kan op 'n modderpad (meer soos 'n geploegde land) van 9:00 — 10:30 die aand vassit op pad Giant's Castle toe sodat ons uiteindelik uitgesleep moet word, sonder dat Klaus eenmaal sy ergerlikheid met ons situasie te kenne gee en

volstrek daarop staan dat die koste van die noodvoertuig gedeel moet word.

KLAUS is die enigste persoon wat ek nog ooit in die berge teengekom het, wat elke oggend die koue water sal aandurf om te skeer. Ek het een oggend verwonderd staan en toekyk by Dill-Dill in die suide van Lesotho, toe die sneeu soos 'n wit kombers op die landskap gelê het, hoedat Klaus langs die vriesend koue stroompie gaan sit en sy skeerkwassie en skeermeslem uithaal.

ONDANKS JARE se stapkunde op my kerfstok, moes ek soms voor Klaus se meerdere ervaring buig soos toe hy my met tipiese Duitse presiesheid wys wat die regte manier is om 'n bergklimstewel vas te maak. Ek het nooit die boonste knippies gebruik om die veters vas te trek nie, aangesien dit my stewel te styf om die been bind, maar as die veters die tweede laaste ry knippies oorslaan en eers die boonste ry knippies vastrek voordat teruggeryg word na die voorlaaste ry, bied die stewel steeds uitstekende ondersteuning sonder dat dit te min buigsaamheid bo die enkel verleen.

HIERDIE RANKERIGE MAN, wat sy wittebrood met Elna in die Sederberge gevier het en na meer as veertig jaar se getroude lewe nog steeds deur haar as "Klausie" aangespreek word, is die toonbeeld van geduld en 'gentlemanliness'. Hy word skynbaar nooit moeg om vir Elna luid te herhaal wat sy nie gehoor het nie, en is onvermoeid om vrouens langs die glibberige woudpaadjies in die sprokiesagtige Amatola-woude te ondersteun of 'n helpende hand uit te reik.

DIE VON DELFTS is fyn, standvastige Christene wat nie hul geloof op die mou speld nie, maar die enigste kere wat ons ooit "*Op berge en in dale, ja oweral is God...*" sal sing, is wanneer Elna saamstap en na Boekevat op 'n Sondagoggend, nootvas, klokhelder en geesdriftig insit met dié gepaste Psalm. Die Swyende Generasie is bekend daarvoor dat hulle met basies niks begin het nie, maar tog uiteindelik alles verwerf het. Wat my altyd opval is die Von Delfts se inherente sin vir spaarsamigheid, so kenmerkend van die swyers. Hulle sal bv. nooit 'n nuwe vuurhoutjie trek om hul kampstofie in 'n stappershut op te steek as daar reeds 'n halfpad uitgebrande vuurhoutjie in die blaker lê waarmee die kers opgesteek is nie.

EKONOMIESE ONTBERING van die na-oorlogse jare het 'n dwingende begeerte tot prestasie gekweek. Studente afkomstig uit die Swyende Generasie word beskrywe as konserwatief, hiërargies ingestel, daarop toegespits om dinge volgens die spelreëls te doen, en is rasioneel in lewensuitkyk en beroepsgemotiveerd. Hul sal dikwels kundigheid bo eenvoud beklemtoon. Klaus en Elna se kinders moes dieselfde eienskappe openbaar, nie omdat die Von Delfts 'social climbers' is nie, maar omdat hulle 'n geslag is wat glo aan die waarde van harde werk en prestasie. Die jong Von Delfts is aan streng reëls en goeie motivering om te presteer, onderwerp. Televisie was nooit in die huis toegelaat nie, maar die kinders het buite gespeel tot donker toe sonder dat die Von Delfts noodwendig geweet het waar hulle is, met hul fietse skool toe gery en soos almal van hul geslag kraanwater gedrink en niks daarvan oorgekom nie. Sewe-uur saans is die viole, tjello's en blokfluite uitgehaal en musiek gemaak. Uiteindelik sou hulle gesamentlik tussen die sewe van hulle by 'n vyftig A's in matriek inryg.

FAMILIE en gesinsbande is primêr by die Swyende Generasie; en Klaus en Elna se kinders sal van die VSA, Duitsland en Brittanje invlieg om 'n doopplegtigheid by te woon; gewoonlik met 'n opdrag dat Klaus vir hulle terselfdertyd 'n Drakensbergstap moet reël.

EEN SKRYWER som die Swyende Generasie as volg op: "Frugal as the silent generation may be, it does not mean that they're not having fun. They're taking world cruises, hiking along mountain and sea trails, playing tennis, bowls and going on cycling and barge holidays through Europe. And why not? They are the healthiest aging generation the world has seen." En dis nie net fisiese gesondheid nie!

AS EK Klaus-hulle na 'n genoeglike naweek by hul groot boomryke woning gaan aflaai en Elna kenmerkend uitbundig die honde groet, en die basterskaaphondjie met die sagte oë ná die opwinding van die tuiskoms, op Klaus se voet kom sit sodat hy saggies haar oor kan krap, dan weet ek hierdie mense is sout van die aarde, onpretensieus, en wonderlike stapgenote en vriende wat die lewe tot 'n kuns verfyn het.

- **Aangepas uit 'n skets wat ek vir 'n *Festschrift* geskryf het wat die Departement Duits ter herdenking van Klaus se sewentigste verjaardag aan hom oorhandig het.**

Redakteur: Molly Smit. Bladuitleg, Jacomi Odendal en Nico Combrink.
Die Billi-redaksie soek dringend na 'n vrywillige wat die bladuitleg van Billi sal behartig.

JULY CAMP 2008:
UKHAHLAMBA-DRAKENSBERG



This year's July Camp will take place from Saturday 5 to Saturday 19 July 2008. The Base Camp will be at Duart Castle Camp Site (1640m) between the Loteni and Vergelegen Nature Reserves. On offer will be: some well-known climbs of varying grades (including Scholes, South Ridge and Gable routes on Giants Castle); sandstone cliffs nearby for bouldering; superb sub-camps and long hikes in the Little Berg and/or on the Escarpment; satisfying day walks with views, forests, waterfalls, streams and spectacular rock formations; excellent opportunities for bird watching and mountain photography.

For full details, costs and bookings get the application form from the July Camp Treasurer (083 735 8080; 033-330 8412; ronwedd@netactive.co.za)

ONS BESOEK MALETSUNJANE-WATERVAL 4—6 APRIL

Leier: Charlotte Augustyn

Ons was ’n lekker groep van 16 mense wat die naweek na Semonkong vertrek het, nl. myself , Elmare, Sorita, Cillie, Demi, Kay, Sheila, Andre, Sanet, Hercules, Marieta, Dave, Nicolene, Abri, Sukie en Elana. Dit was lekker om ’n paar nie-lede saam te hê, wie ons glo binnekort gaan aansluit.



Ten spyte van die feit dat die vervoerreëlings vir die leier ’n paar grys hare bygegee het was ons baie dankbaar dat ons ’n paar 4 x 4 motors bymekaar kon kry. Die rede hiervoor was dat die pad na Semonkong so verspoel het na die baie reën dat ’n gesinsmotor dit nie sou maak sonder skade nie.

Andre het nie ’n keuse gehad, as om ’n harem van 6 dames saam te neem in sy 4 x 4 voertuig en kon hy darem op die laaste oomblik ’n karaktervolle waentjie geleen kry vir sy harem se baie bagasie.

Na ’n lang oponthoud by die grenspos het ons vir Marita, Dave en passasiers verloor nadat hulle gaan petrol ingooi het in Maseru. Sel -ontvangs was daar egter natuurlik nie en het ons maar duim vas gehou alles is in die haak. Elana se vernuf met die half afgesnyde instruksies en kaart was beslis beter as enige GPS en het ons Semonkong teen ’n slakkepas a.g.v. die pad, eers na 10- uur die aand bereik.

Groot was ons verligting toe die verlore voertuig ook na ’n halfuur daar opdaag. Die uitstappie na die waterval die volgende dag was baie lekker en die waterval pragtig a.g.v. die baie reën. Danksy die vinnige en ratse gids het ons darem nie vir Sheila verloor teen die afgrond oppad na die waterval nie! Ons het ook ’n paar brawe ouens wat die 185 m abseiling aangepak het, dopgehou. Op pad terug het ons die voorreg gehad om ’n “Lesotho July” te aanskou. Die perde het wafferse gekleurde komberse aangehad en die gees was tipies van ’n “July” en sekerlik was die weddenskappe ook daar.

Die Saterdagnag het ’n sagte reëntjie uitgesak en kon ons ongelukkig nie die berg met die mooi aalwyne besoek nie. Toe ons vertrek die volgende dag, het dit nog gereën en watervalle het oral van die berge afgestroom. Lesotho was werklik pragtig!!

Mount Olympus (Greece) – International Youth Ascent

22 - 28 August 2008

(An indication of what could have been. We don't have members that young. It is too late to apply now anyway - Ed.)

Mt. Olympus, Greece

You might not be going to Beijing this summer, but you still have the chance to be part of the Olympics. As part of the Global Youth Summit, we are inviting young mountaineers to ascend Mount Olympus (mt.29 Greece).

The ascent will be on Sunday 24th of August, the date of the Closing Ceremony of the Olympic Games in Beijing. While one Olympic torch is dimming, another torch will be lit on the top of Mount Olympus by the UIAA Youth Mountaineering People to keep the Olympic values and ideals alive and send a message of peace and friendship to all young Mountaineers in the world.

The ascent is not very difficult. We will be hiking and scrambling (meaning that you must also sometimes use your hands). The mountain is 2917 mt. high and close to the Aegean Sea so fog and storms are quite frequent in the afternoons. After the ascent it is possible to stay with your new mountaineering friends and climb in the Meteoras as well as swimming and sightseeing. The event is organised by the UIAA Youth Commission together with the Italian Alpine Club (CAI) and the Hellenic Federation of Mountaineering and Climbing. We would like to invite you to participate with 3 - 4 young people and 1 adult leader from each UIAA Federation. The maximum number of participants is 40 and the age of each participant is 16 - 20 years old.

STAPKOS

Macaroni-/Noedelslaai

Hierdie is eintlik 'n macaronigereg. Noedels behoort egter ook te werk

500 ml gaar macaroni-elmbogies/kitsnoedels
2 gekapte tamaties
3 gerookte worsies in wiele gesny
200 ml mayonnaise (ek weier om dit op staptogte saam te dra)
10 ml aangemaakte mosterd (versamel die sakkies wat by wegneemplekke verskaf word)
3 groen rissies, gekap.
1 ui, gekap.
10 ml gekapte agurkie.
Knippie sout en rooipeper.

Meng die eerste ses bestanddele liggies. Meng die res van die bestanddele liggies en gooi bo-oor. Roer deur met 'n vurk en laat afkoel.

Ontbytstafies

(Hierdie kan vooraf by die huis gemaak word. Vir 'n lui ou soos ek is die gekoopte weergawes minder moeite as mens

welvarend genoeg is - Molly)

150 g botter
175 g heuning
200 g gerolde hawermout
60 g klapper

1 t bakpoeier
150 g botter
175 g heuning

3 e sesamesaad
200 g gekapte pruimedante
100 g gekapte gedroogde perskes
75 g rosyne
3 eiers

Voorverhit die oond tot 170 grade C. Plaas bakpapier op ‘n bakplaat van 23 x 32 cm.
Roer die heuning en botter oor medium hitte tot die botter gesmelt is.
Meng die hawermout, klapper, sesamesaad, pruimedante, perskes, rosyne en bakpoeier goed.
Voeg die warm heuningmengsel en eiers by en roer goed.
Skep die mengsel op die bakplaat en maak dit gelyk met die agterkant van ‘n lepel.
Bak 25 - 30 minute of tot die mengsel gaar en die bokant goudbruin is.
Laat afkoel voor dit in skywe gesny word.

Die wêreld se riviere

Die Nyl is die langste rivier ter wêreld (6 670 km.). Die Kongo is die agtste langste (4 526 km.) en die tweede magtigste. Dit is die tweede langste in Afrika. Die Amasone (6 488 km.) is die magtigste met 175 000 kubieke meter per sekonde wat uit sy monding vloei. Uit die Kongo vloei slegs 39 000 kubieke meter per sekonde. ‘n Vyfde van die planeet se vars water vloei uit die Amasone en mens kan tot 160 km. ver in die Atlantiese Oseaan drinkwater uit die see skep.

Kaïro op die Nyloewer

Die Niger is die derde langste (4200 km.) in Afrika. Die Zambezi is vierde langste (2700 km). Van die vier grootste Afrika riviere mond net die Zambezi in die Indiese Oseaan uit.

Victoria Valle, Zambezi

Die Gariep (Oranje) is die sewende langste in Afrika.
Die langste rivier wat net deur een land vloei, is die Loire in Frankryk (1014 km.). Die Donou, Ryn en Elbe is wel langer maar nie tot net een land beperk nie.
Die Orinoco, die vyfde magtigste rivier ter wêreld, vloei deur Venezuela en is deur Enya in ‘n trefferliedjie verewig.

OLYMPIC TORCH LIT ON EVEREST

On Thursday, 8 May 2008 a team of climbers trudged through snow and ice on the Tibetan side of Everest to carry the Olympic torch to the summit at 9:18, fulfilling the long-held goal of the Chinese government to have the Olympic flame lit on top of the world’s highest mountain.

.

The state-controlled Chinese news media have highlighted the fact that most members of the climbing team on Everest were Tibetans. The torch was lit at

9:12 a.m. by Norbu Zhamdu and was a side torch; the main torch is making its way through the southern and will continue through every province of China before arriving in Beijing in early August then carried on a 98-foot relay to the peak, Xinhua, the state news agency, reported. The team captain, Nyima Cering, was the third torch bearer and shouted the 2008 Olympic slogan, “One world, one dream.”

Photos showed a team of climbers bundled in red down jackets and wearing oxygen masks standing next to Tibetan prayer flags atop the windy, snow-bound summit. The climbers held up the Chinese flag and two white flags with the Olympic rings. The summit attempt had been repeatedly delayed by bad weather, which forced the team to sit for days at high-elevation camps.

Wat Neels te skryf het

- Molly Smit -

Ek en Neels du Plessis, ons lid wat saam met sy vrou Louise (ook ‘n lid) en kinders al ‘n hele klompie jare in Kanada woon, korrespondeer af en toe. Hy was onlangs in Bloemfontein vir ‘n paar weke. Soos sy gewoonte wanneer hy op besoek is, het hy weer allerlei projekte aangepak om die tyd te verwyl en terselfdertyd die lewe vir sy ouers makliker te maak. Onderstaande brief het ek op 2 Februarie, ‘n rukkie voor sy besoek, ontvang:

“Ja die familie hou ons op datum en ek is bly ek is nie betrokke by ‘n nywerheid of besigheid nie! (Dit is na aanleiding van my gekerm oor die kragonderbrekings - Molly.) Ek beskou dit ook nie as my taak om vir mense in SA te sê hoe dit daar gaan nie... hulle weet mos...en waarom moet mens leedvermakerig wees? Die “ek het jou mos gesê”- verskynsel (dankie vir jou bedagsaamheid, Neels - Molly).

SA se natuurskoon en verskeidenheid maak dit spesiaal...hier is ook baie pragtige natuurtonele, poskaartjiemooi, maar baie daarvan is bevrore en onbegaanbaar...Elke plek het sy voor- en nadele, ons klimaat is gagga hier, die son skyn hopeloos te min, dit sneeu alweer... ek moet self iets doen as ek wil hê dit moet verander, as stof my pla, dan moet ek afstof (dieselfde met my, Neels, ek het ook nie ‘n huishulp nie; dit bly maar ‘n lui werk maar help darem om mens soepel te hou - Molly)... stryk? Nee wat, ek doen nie kantoorwerk nie, so wasgoed word getuimel en vinnig opgevou (geniet julle elektrisiteit, Neels - Molly).
Geniet die son. Hier betaal die mense honderde dollars om by die son in Mexico, Hawaii of Arizona uit te kom. Die “snow birds” gaan elke winter suid, hulle is al afgetree en gaan woon in die winter meestal in ‘n “camper”” of “mobile home” vir twee tot ses maande!

Wanneer Kersfees aanbreek, ly die meeste mense al aan sad (seasonal affective disorder) en teen Februarie is ‘n groot deel van die bevolking al effens kranksinnig. Geen wonder die beserkers in Skandinawië het sampioene geëet om op ‘n trip te gaan nie.”

(Tot sover wat Neels se brief betref. Ek dink ek wil tog nog Kanada toe gaan. Was nog nooit daar nie. Maar dit sal net vir ‘n heerlike vakansie in die somer, laat lente of vroeë herfs wees - Molly.)

’N GEEN OM FLORA TE BESKRYF

Dr. Michelle van der Bank, senior lektor aan die Universiteit van Johannesburg se Departement Plantkunde en Biotegnologie het met ‘n span kollegas na drie jaar se harde werk in die Kruger Wildtuin, dit reggekry om ‘n geen te identifiseer wat sowat 95% van die planteryk met sy meer as 300 000 spesies oopsluit. Die span het die sogenaamde matK-geen ontdek wat die DNS-strepieskode van plante kan bepaal.

Die ontdekking is gemaak deur die DNS van sowat 3000 verskillende plantspesies in die Krugerwildtuin te ontleed. Daar is gevind wanneer een plant nou verwant is aan ‘n ander, die verskille gewoonlik in die matK-DNS lê.

Selfs ‘n leek sal met behulp van die strepieskode en ‘n klein draagbare skandeerder binne sekondes die wetenskaplike naam van bykans enige plant kan vasstel.

Daar is nog meer as 10 miljoen lewendige organismes op aarde wat benoem moet word. Dr. van der Bank het bereken dat dit langer as 1 500 jaar sal neem.

Die merker vir plantmateriaal kan ook tydens misdaadondersoeke gebruik word. So kan die onwettige gebruik van skaars en bedreigde plantmateriaal wat in medisyne gebruik word, binne minute opgespoor word. Smokkelaars kan vasgetrek word deur die skandeerder te gebruik om die onwettige vervoer van skaars en bedreigde plante te moniteer.

(Inligting verkry uit **Beeld**, 23 April 2008)

A DREAM OF MOUNTAINEERING

At night, in my dream, I stoutly climbed a mountain,
Going out alone with my staff of holly-wood.
A thousand crags, a hundred hundred valleys—
In my dream-journey none were unexplored
And all the while my feet never grew tired
And my step was as strong as in my young days.
Can it be that when the mind travels backward
The body also returns to its old state?
And can it be, as between body and soul,
That the body may languish, while the soul is still strong?
Soul and body—both are vanities:
Dreaming and waking—both alike unreal.
In the day my feet are palsied and tottering,
In the night my steps go striding over the hills.
As day and night are divided in equal parts—
Between the two, I get as much as I lose.

Po Chu-I, a Chinese poet, (written when he was in his seventies, ±840AD)

LEDENUUS:

Nico en Elsa Combrink het hulle **eerste kleinkind** ryker geword, nadat hul dogter, Gerna, in Maart ‘n dogtertjie die wêreld ingebring het. Baie geluk, oupa en ouma!

Twee van ons lede het in April in die **huwelik getree**. **Jacques Jordaan en Laetitia** (du Preez). Mag julle die berge vir baie jare saam geniet! (en sommer berge saam versit ook!)

Ons verwelkom 4 nuwe lede, nl. **Cillie Jordaan, Sorita Matthysen, Dimi Tsikkos en André van der Bergh.** Ons hoop dat julle aktiewe lede van ons afdeling sal bly totdat julle stokhoring-oud is!